

19 September

Fokusgedeelte: Miga 7:7, 8, 18a

Volle vertroue op God

In die afgelope paar dae het ons God deur sy profeet Miga leer ken. Vir Miga was daar geen ander God nie; daarom die retoriese vraag in die slotteksvers: “Wie is ’n God soos U?”

Om dié rede kan die gelowige net soos Miga ten volle op God vertrou, ten spyte van moeilike omstandighede. Hierdie vertroue kom baie duidelik deur in die klein woordjie MAAR ... Teenoor dit wat die woordjie MAAR voorafgaan, staan die volle geloofsvertroue op God soveel duideliker uit.

Die hele gedeelte van Miga 6:9 tot Miga 7:6 handel oor die ellende as gevolg van straf op die sonde van hulle wat hulle nie tot God bekeer nie.

As ons deur die Heilige Gees bewus word van ons sonde, leer die Skrif ons hier om ons toevlug na God te neem, ons tot Hom te bekeer en tot Hom te bid om vergifnis van ons sonde.

Miga wys juis op die groot genade en ontferming van God. By God is daar vergifnis vir elkeen wat hom/haar tot Hom bekeer en verootmoedig. Miga weet op Wie hy vertrou, sy God is ook ons God. Hy het nie verander nie, Hy vergewe altyd weer. So sluit Miga af, by die ewige God aan wie ons behoort in Jesus Christus. Hy is ons Here vir ewig en altyd.

Hoe lyk ons vertroue op ons God? Kom laat ons ook bely:

“Al het ek tot ’n val gekom, sal ek weer opstaan,
al sit ek in die donker, die Here is my lig.”

Sing: Psalm 33:11

Ds DF Coetzee (Piet Retief)